Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/CPic22G34lU

Eredienste

Donderdag 14 Mei:

- Ons nooi u hartlik uit na vanaand se Hemelvaartdiens om 18:30.
- Die erediens word gelei deur ds. Marcel Floor.

Sondag 17 Mei:

- Daar is Sondag twee eredienste om 08:30 & 10:00. Die eredienste word gelei deur ds Petrus Grové.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Sondag 24 Mei:

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Stefan van der Westhuizen wat opgeneem is in die hospitaal.
- Johan en Estie Coetzee. Johan is al ‘n week lank in die intensiewe eenheid.
- Alet van der Merwe ondergaan Dinsdag 19 Mei ‘n operasie.
- Theuns Erasmus ondergaan Dinsdag 19 Mei ‘n oogoperasie.
- Almal wat ongesteld is.

Kontak die kerkkantoor:

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Indien jy die eNuus op jou selfoon lees, kan jy op die volgende skakel klik:
https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Stadbouers

Sunrise Traumasentrum:

Uitreik na Reddersburg kinderhuis - terugvoer:

Na aanleiding van die advertensie wat GK Odendaalsrus gestuur het, het Rita de Wet (Pieter de Wet se Ma) hul breigroep by Pta-Oos Aftreeoord daarvan ingelig. Hartlik dankie! Hulle het die volgende vir die projek gebrei:
15 Beertjies
29 Klein Poppies/Diertjies
2 Truie
10 pare bedsokkies
42 Groot mussies
6 Klein mussies

Gemeente Uitreik:

As stadsbouers word ons as gemeente geroep om saam impak te maak in die Koninkryk van God. Een van die areas wat ons moet bereik is die sosiale uitdagings wat mense in ons stad beleef. Baie mense in ons stad het nie genoeg om te eet nie. As gemeente saam kan ons egter iets hieraan doen. Elke lidmaat is bewus van iemand wat kos nood beleef… 'n maatjie by die skool, 'n man/vrou op straat, 'n vriend, kennis, of iemand by die werk. Ons wil julle uitnooi om as gemeente saam uit te reik na 'n persoon of persone wat die Here op jou hart druk.

Ons wil die hele gemeente vra om hieraan deel te neem, ons wil een maal per maand as gemeente uitreik, elkeen waar hy leef en werk. Een keer sal dit 'n kos projek wees en een keer 'n omgewings impak projek.

Hoe werk die kos gee projek?

1. Bid en laat die Here jou lei om iemand te identifiseer.
2. Berei 'n kospakkie voor wat jy wil gee.
3. Ons doen dit saam as gemeente op Donderdag die 21ste of Vrydag die 22 ste Mei.

Ons wil graag terugvoer kry, sodat ons ons impak in die stad saam kan vier tot eer van ons Koning Jesus. Stuur 'n WhatsApp met die woorde 'Ek het deelgeneem' aan die kerkkantoor (0834030722). Jy hoef nie jou naam of ander persone se name te noem nie.

WPR Jeug

Uit en tuis

Interkerklike

Bybelstudie/Werkswinkels

vir dames

Nuwe aanlyn Bybelstudies en Werkswinkels begin in Mei 2026 en daar is nog plekke beskikbaar!

Aangebied via Zoom

Geskryf deur Donna Howes

Ons verwelkom graag dames om saam met ons tyd in God se Woord te spandeer en om net 'n lekker geloofspad saam met mekaar te stap.

Kontak Nadia by 083 307 6719

Kuierarea

BORG ITEMS - FASE 3

Implementeringsdatum: 31 Julie 2026

4 x Easy chairs	4 x R3 050
Koffietafel	R3 000
Staanlamp	R7 000
Mat	R8 600
1x Wingback chair	R10 500
1x Lang konferensietafel	R24 500

Maak asb. 'n inbetaling in die gemeente se bankrekening en gebruik die verwysing "Kuierarea - item"

VERSOEK | AAN DIE GEMEENTE

Het u enige wildsvleis wat u vir die gemeente kan skenk?

Indien moontlik, sal ons dit baie waardeer as dit reeds verwerk is as

MAALVLEIS -of- BRAAIWORS.

Baie dankie

vir u omgee en ondersteuning!

Kontak vir Hugo op **0798591695**

GK Rietvallei: feesvieringe vir 40 jaar bestaan

Riana Nel

Die konsert waarvoor almal gewag het…

Riana Nel tree op by Wapadrant op 31 Julie om 18:30. Kaartjies is reeds in die saal en by die kerkkantoor beskikbaar. Kan jy ons help, asb? Neem 'n pakkie (of pakkies) van 5 kaartjies; koop vir jou gesin en verkoop die res aan familie en vriende. Neem asb. ook 'n A4 plakkaat en sit dit op by 'n winkelsentrum of by jou werksplek.

Onthou om vir almal worsbroodjies teen R35 elk te bestel!

Maak seker jy maak gebruik van hierdie geleentheid!

Koorfees terugvoer

Graag stel ek julle in kennis van die volgende:

Ongeveer 330 persone het al drie aande se koorfees bygewoon. ‘n Wins van R 8 142,76 is gemaak wat 50/50 tussen Transoranje Skool vir Dowes en Wapadrant Gemeente verdeel word.

Baie dankie vir elkeen se bydrae om van die koorfees ‘n sukses te maak. Ons waardeer elkeen van julle se deelname en bereidwilligheid.

Ons oorweeg verseker weer ‘n koorfees in die toekoms. Ek sal dit dalk net een aand, 2 ure konsert maak met verskeidenheid kore. Ek sal julle verseker weer nader om deel te neem en betrokke te wees.

~Pieter de Wet

Vra jou vraag

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Ander gemeentes se byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor